Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

ONS DIENS MAAK 'N VERSKIL
OUR SERVICE MAKES A DIFFERENCE

5/8/1

Geagte Inwoner,

NETWERKFOOI VIR SEPTIESE TENK GEBRUIKERS

In die verlede het inwoners wat beskik oor septiese tenke (rioolput), slegs betaal vir die maande waarin hulle van die riooltrok se dienste gebruik gemaak het. Die tarief was R269.50 vir twee besoeke. Die uitdaging met die tariefstruktuur was egter dat inwoners wat gebruik maak van septiese tenke, slegs betaal het vir die diens wanneer dit gebruik is. Die maandelikse oorhoofse kostes het egter dieselfde gebly, ongeag hoe gereeld daar van die diens gebruik gemaak word. Die koste van die diens is dus gesubsidieer deur ander inwoners deur middel van die betaling van hul maandelikse rekeninge.

'n Nuwe tariefstruktuur was ontwikkel en deur die Raad goedgekeur om te verseker dat inwoners wat nie die diens gereeld gebruik nie, ook 'n regverdige bydrae maak tot die oorhoofse operasionele kostes van die riooldiens. Daarom het die Raad 'n netwerkkoste van R120.87 per maand goedgekeur vir alle eiendomme wat verbind is tot die rioolnetwerk, insluitende eiendomme met septiese tenke. Eiendomme wat egter van 'n sypelrioolstelsel gebruik maak, word nie hierby ingesluit nie, en is vrygestel van die maandelikse netwerkfooi.

Die netwerkfooi sal verhaal word ongeag van die hoeveelheid kere wat daar van die riooltrok gebruik gemaak word. Dit is nie 'n reserwe, versekering of voorafbetaalde fooi vir die diens nie, maar 'n basiese fooi wat verhaal word van alle inwoners wat gebruik maak van die munisipale riooldienste, insluitend kliënte met septiese tenke. Inwoners wat gebruik maak van septiese tenke sal slegs 'n addisionele diensfooi van R164,54 betaal vir die maande waarin hulle wel die trok se dienste gebruik. Dit is beperk tot 2 besoeke en daarna sal 'n addisionele fooi gehef word. Inwoners wat gebruik maak van 'n spoelstelsel betaal die R164.54 maandelikse sanitasiefooi, asook die netwerkfooi van R120.87; dit wil sê 'n totale fooi van R285.41.

Neem ook kennis dat die gekombineerde rioolheffing, in die vorige finansiële jaar, R269.50 beloop het vir diegene met spoelstelsels. Die gekombineerde lading van R285.41 is dus 'n toename van R15.91 of 5.39% op die maandelikse rekening.

Die koste van die netwerkfooi vir riooldienste is standaard vir die hele munisipaliteit, vir alle eiendomme met die uitsondering van eiendomme waar 'n sypelrioolstelsel geïnstalleer is. Die netwerkfooi is nie van toepassing op eiendomme waar laasgenoemde geïnstalleer is nie.

Die finansiële jaar van plaaslike munisipaliteite strek jaarliks vanaf 1 Julie tot 30 Junie. Elke jaar, soos dit voorgeskryf word deur wetgewing (Sien die Munisipale Finansiële Bestuurswet 56 van 2000 & die Munisipale Stelselswet 32 van 2000), lê die Uitvoerende Burgemeester 'n konsepbegroting voor vir die daaropvolgende finansiële jaar, voor die 31ste Maart. Die konsepbegroting bevat al die voorstelle, insluitend die voorgestelde tariewe en aanpassings vir die volgende finansiële jaar. Die konsepbegroting, en die nuwe tariefvoorstelle word dan geadverteer in al die plaaslike koerante, soos dit deur die wetgewing vereis word, en dit word ook op ons webblad gelaai vir die tydperk van openbare deelname en insette. Die aangepaste tariewe vir septiese tenke was ingesluit by die konsep begrotingsvoorstel vir die huidige finansiële jaar en inwoners het die geleentheid gehad om hul insette hieroor te gee. Geen besware is ontvang nie.

Alle kommentaar wat ontvang word tydens die GOP-proses, word dan geïntegreer in die finale begroting, wat voorgelê word aan die Raad, voor die einde van Mei van die finansiële jaar. Dit sluit al die finale tariewe in. Die opstel en goedkeuring van die begroting is 'n jaarlikse proses en al die inligting word openbaar gemaak en is beskikbaar vir alle inwoners. Inwoners het egter 'n verantwoordelikheid om hulself te vergewis van die inligting wat aan hulle beskikbaar gemaak word deur die munisipaliteit. Inwoners moet aktiewe burgerskap beoefen deur die voorgestelde konsepbegroting te bestudeer en insette te lewer wanneer die inligting aan hulle gegee word.

Ons doen ons bes om inwoners in te lig en ons gebruik al die onderskeie kommunikasieplatforms tot ons beskikking. Ons sal ook aanhou om ons kommunikasie te verbeter soos ons vorentoe beweeg. Ons doen egter 'n beroep op inwoners om ook verantwoordelikheid te neem en deel te neem aan die proses wanneer die geleentheid hom weer voordoen.

Beste wense.

Joggie Scholtz
Munisipale Bestuurder